# HOE ONS AS CHRISTENE GEMOTIVEERD KAN BLY

Handelinge 5:17-42 (:42)

Motivering is ‘n **belangrike ding**. Dit kom van ‘n woord wat “beweeg” beteken – Engels: “move”. Wat *laat* jou in beweging kom? (dag te begin, uit die bed!) Wat *hou* jou aan die beweeg? (as opdraande steil is) Ons kan dit ook *“beweeg-redes”* noem. Baie van ons **sukkel** hiermee. Daar is ‘n algemene klagte dat mense apaties is, dat hulle nie wil betrokke raak nie, dat jy hulle nie aan die gang kan kry nie. Motiveringsprekers is baie in aanvraag en verdien groot geld.

Ons het **as christene** ook motivering nodig om te *volhard in ons getuienis*. Soms trek ons met ‘n groot spoed weg, maar na ‘n tyd sak ons weer uit. Dis asof ons petrol opraak. Ons batterye raak pap.
Ek dink ons **kan leer** by daardie vroeë christene van wie ons in Handelinge lees uit ons teks.

Daar is **baie soorte motiewe** wat ons lewens beïnvloed. Sommige is beter as ander. Op die vraag waarom hy berg Everest wou uitklim, was die bergklimmer se antwoord: Omdat die berg daar is! Ons motivering mag in sommige gevalle wees om ander trots te maak op ons – ons kinders, ouers, land byvoorbeeld.
**<u>Selfsug</u>** is seker een van die belangrikste minder goeie motiverings. Ons wil vir onsself ‘n NAAM maak. Ons wil belangrik voel. **<u>Selfbevrediging</u>** is nog een wat ook maar met die SELF te doen het. Ons wil ons eie sin probeer kry. Dit dryf ons. **<u>EIEBELANG</u>** is nog een. Ek wil eers weet *“Wat is daarin vir my?”* voordat ek in beweging kom. Anders sit ek waar ek sit.
Hierdie soort motiverings speel ‘**n belangrike rol in die wêreld**. Baie *advertensies* en *oproepe* is dan ook doelbewus so gekleur. Daar word *groot klem* gelê op die voordele wat dit vir JOU sal hê.
Ons loop ook die gevaar om ons getuienis so aan te bied, om daarmee te smous as’t ware – vergelyk I L de Villiers se gedig “Opwekkingsdiens”. (Leitourgos, p31)

Mikrofone, mense, pensklaviere en plakkate
in die groot tent op die kaal perseel
waar Ackermans gesloop is:
*Jesus Saves.*

Die spreker uit Amerika
vee sweet af, drink ‘n slukkie water,
sê: God praat met Afrika!
Amen! Halleluja!

‘n Ou verkreukelde biljet
lê tussen stukke baksteen en sement:
Seeppoeier, broekie-kouse, goue stroop –
alles word hier teen laer pryse
uitverkoop.

Jesus waarsku in sy **Bergrede** teen *oppervlakkige motiverings*. Hy sê ons moenie bid of gee of goeie dade doen net om deur mense gesien te word nie (Matt 6:1-4, 5,6;

16-18). Dit **help nie** jy doen die regte ding, maar jou motivering is nie suiwer nie. Dit gaan nie vir jou om God of die ander persoon soos wat jy voorgee nie, maar om jouself. Jy gee byvoorbeeld kastig 'n dankoffer aan die Here, maar as iemand in die kerk jou kwaad maak, onttrek jy dit. Om wie se onthalwe het jy dit dan eintlik gegee?

**Wat het gemaak** dat die vroeë christene ondanks al die teenstand so getrou voortgegaan het met hul getuienis? Ons lees nog in Hd 2:47 dat die hele volk hulle aan die begin **goedgesind** was, maar dinge het daarna **verander.** Petrus en Johannes is nie baie later nie in hegtenis geneem en deur die Joodse Raad gedreig*: (lees 4:18*). In hoofstuk 5 het ons gelees hoedat hulle daarna weer gevange geneem en mishandel is: *(lees 5:40)*. Die Joodse Raad kon egter met al hul dreigemente en mishandeling **nie daarin slaag** om die apostels te laat ophou getuig nie. Hulle kon hierdie beweging nie stopsit nie. Hulle het aan die beweeg gebly.

1. Ek dink dit was eerstens **<u>omdat hulle oortuig was van hulle boodskap.</u>** Hulle het geglo hulle het 'n unieke boodskap wat die wêreld MOES hoor. So hoor ons Petrus in hoofstuk 4:12 verklaar*: "HY bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."* Solank 'n mens glo dat dit die waarheid is en dat alle godsdienste nie maar gelyk is en dat elkeen nie maar op sy eie geloof sal salig word nie, sal jy moeilik gestop kan word in die bekendmaking daarvan. Ons teksvers sê hulle het nie opgehou om oral waar hulle gekom het te verkondig "*dat Jesus die Christus is nie."*

2. **Tweedens was dit vir hulle 'n VREUGDE om hierdie boodskap aan mense te bring**. Dit was trouens "evangelie" wat letterlik GOEIE NUUS beteken. Wie wil nie graag 'n draer van goeie nuus wees nie! Gaan dink net weer 'n bietjie oor die wonderlike nuus waarmee die Here ons as kinders die wêreld instuur: Jesus het vir ons sondes gesterf en opgestaan! God is lief vir sondaars en wil hulle hul sonde vergewe. Die dood is oorwin. Wie in die Here Jesus glo, ontvang die ewige lewe, die lewe in oorvloed! By hulle was dit 'n geval van *waar die hart van vol is, loop die mond van oor*. Daarom dat Petrus en Johannes vir die Joodse Raad sê: (4:20) *"Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."* Dis 'n **groot jammerte** wanneer die dag aanbreek dat die Beste Nuus vir ons OU nuus geword het.

3. **Derdens het hulle volhard omdat hulle gehoorsaam was aan die gesag van die Here Jesus**. Hy het hulle mos uitgestuur met die woorde: *"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…"* (Matt 28:19) Hulle reaksie op die swyggebod wat die Joodse Raad hulle wou oplê, was: *"Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God."* En dan het ons in vers 29 gelees dat hulle sê: *"'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!"* Wie **onvoorwaardelik gehoorsaam** is aan God, sal nie 'n gebrek aan motivering hê om te volhard in getuienis nie. Waarom moet ons *sendingwerk* doen? Waarom *getuig*? Waarom *uitreik* na ander? **Want God sê so** - Jesus, die Gekruisigde en Opgestane wat sit aan die regterhand van God!

4. 'n Vierde faktor wat baie tot hulle motivering moes bly bydra het, was **die ondersteuning wat hulle mekaar gegee het**. Ons kom dit reg van die begin af agter as ons lees dat hulle hul toegelê het op *"die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede"* (2:42). Na Petrus en Johannes se eerste

verskyning voor die Joodse Raad, is hulle dadelik terug na hul medegelowiges en hulle het **saam gebid**. ‘n Mens het daardie **koinonia** nodig. Daarsonder kan ons uitbrand. Die *kooltjie vuur* wat eenkant lê, koel gou af. In ons *gesinne en groeigroepe* kan ons mekaar baie help om te volhard deur mekaar te bemoedig en saam met mekaar te bid. Paulus het op verskeie plekke in sy briewe sy lesers opgeroep om vir hom te bid sodat hy sal voortgaan om die evangelie met vrymoedigheid te bring. Elke volgeling van die Here Jesus behoort so ‘n geestelike ondersteuningsgroep te hê wat sal help om gemotiveerd te bly. As jy nie so een het nie, sluit by een aan! Volhard daarby in gebed.

5. Gebed is so belangrik omdat ons nie in eie krag kan volhard nie. **Ons is afhanklik van die krag van die Heilige Gees**. Jesus het dit ook so aan hulle gestel: *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees…”* (1:8). **Petrus was vantevore** baie gemotiveerd om deur dik en dun by Jesus te staan, maar tog het hy Hom *verloën*. Hy het nie die krag in homself gehad om staande te bly nie. In Handelinge kry ons met ‘n heeltemal **nuwe Petrus** te make, want hy tree nou op in die krag van die Heilige Gees wat op Pinksterdag oor hulle uitgestort is. In hulle **eerste verskyning** voor die Joodse Raad staan daar in hoofstuk 4:8 *“Toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê…”* In ;31 staan *“Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.”* Ons het ook in vers 32 gelees dat Petrus verklaar: *“En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan die wat aan Hom gehoorsaam is.”*

SAMEVATTING
Gemeente, ek **weet nie** hoedat dit met u motivering gesteld is nie. Ek weet net dat die Here vandag nog soos destyds **gemotiveerde werkers in sy wingerd nodig het.** Hy het gemotiveerde Edenwerkers nodig: Mense wat die *regte dinge om die regte redes* doen. Mense wat daarom nie *omgekoop, gelek, gesoebat of gedreig* hoef te word nie. Mense wat *sal volhard ondanks* teenstand, teleurstellings of probleme.
**Gelukkig was daar dwarsdeur die geskiedenis** sulke volgelinge wat gesorg het dat die lig van die evangelie verder en verder gedra is! Dit is ook ons geslag, ons wat vandag lewe, se verantwoordelikheid en voorreg!

HOE KAN ONS GEMOTIVEERD BLY?

1 BESEF DIE BOODSKAP VAN DIE EV. IS UNIEK
2 ONTHOU DIT IS GOEIE NUUS EN DRA DIT OOK SO OOR
3 WEES GEHOORSAAM AAN DIE HERE
4 ONDERSTEUN MEKAAR
5 MAAK STAAT OP DIE HEILIGE GEES

Amen

9 Augustus 2009